## JUWELE EN MENSE*

Aangesien Suid-Afrika een van die grootste produsente van edelstene in die wêreld is, kan verwag word dat hierdie boek wat oor sierade handel, ook hier belangstelling sal wek. Soos die titelblad aandui, is die skrywer, M. H. Gans, vennoot in die juweliersfirma Premsela en Hamburger van Amsterdam, 'n firma wat spesialiseer in antieke juweliersware en tans anderhalwe eeu oud is. In die voorwoord word vermeld dat hierdie bekende Joodse juweliersaak sedert 1823 oor 'n eie argief beskik het, maar wat egter gedurende die Tweede Wêreldoorlog verlore gegaan het. Hoewel die skrywer dus nie die argief van die firma kon raadpleeg nie, het die boek tog 'n besondere gedenkboek geword. Dit is opgedra „aan de nagedachtenis van mijn schoonvader, Meyer Jacob Premsela", 'n slagoffer van die Jodevervolging tydens die Tweede Wêreldoorlog. Trouens, 'n mens kan sê dat die boek 'n ware gedenkteken geword het ter ere van die talle Jode uit die juweliersvak en juweliershandel van Amsterdam wat na die oorlog nie weer teruggekeer het nie.

Die boek het egter iets meer as net 'n gedenkboek van 'n firma geword. Dit is 'n wetenskaplike werk wat weens die aard van die onderwerp, ook 'n stuk kultuurgeskiedenis van Europa behandel. Die titel *Juwelen en Mensen* is besonder goed gekies omdat dit handel oor die juwele soos dit verweef is in die lotgevalle van dié mense wat hulle besit en gedra het. Saamgestel „voornamelijk naar Nederlandse bronnen", is Nederland wel die uitgangspunt van die werk, maar dis nie tot Nederland beperk nie. Wel bring dit aan die lig, hoe ook op hierdie gebied die Nederlandse handel van internasionale draagwydte was. Amsterdam het trouens vir etlike eeue die oorheersende posisie in die juwelehandel en diamantslypery beklee.

Die boek is in 'n sekere sin geskryf aan die hand van 'n aantal inventarisse van adellike en nie-adellike persone uit die Nederlandse geskiedenis ongeveer tussen die jare 1360 en 1837. Drie-en-sestig van die inventarisse is volledig agter in die boek opgeneem. Die lotgevalle van hierdie mense word beskryf in sover dit in verband staan met die juwele wat hulle gedra het. Verder is dit van besonder belang dat die skrywer meer as 200 afbeeldings van skilderye in die boek opgeneem het, waarna hy deurlopend kan verwys as die „bijou in functie", soos dit deur die eeue werklik gedra is, in die meeste gevalle deur dieselfde persone van wie die inventarisse agter in die boek verskyn. Dit is eintlik vanselfsprekend dat hierin die Oranjes —die Nederlandse vorstehuis—'n belangrike plek inneem.

Begryplik is dit dat, waar juwele ter sprake is, 'n mens in die eerste plek met die vrouelike geslag te doen kry. Immers Jacob Cats stel dit so: „De juweliers zeggen ons, dat er geen zoo schoonen diamant is of hij heeft wat behulps van doen om den glans te verheffen", waarop die skrywer dan laat volg: „Zo is er ook geen vrouw, die niet wat hulp gebruikt om haar aantrekkelijkheid te verhogen."

* Na aanleiding van die boek van M. H. Gans: *Juwelen en Mensen. De Geschiedenis van het bijou van 1400-1900, voornamelijk naar Nederlandse bronnen.* Amsterdam, J. H. de Bussy, 1961, pp. 469; 16 gekleurde afbeeldings, 203 in swart en wit.

Getrou aan sy opset om juweel en mens in een verband te bespreek, verdeel die skrywer dan sy boek in die volgende ses hoofstukke, wat elk weer 'n styltydperk insluit: Bourgondiese rykdom, Manierisme, Hof en burgery in Nederland in die Goue Eeu, Agtiende eeu (briljantflonkering), Negentiende eeu (Negentiende eeuse indiwidualisme) en tenslotte as aanhangsel: diamant en mens.

Die eerste hoofstuk lei ons onmiddellik na die prag en praal van die Bourgondiese vorste, waarvoor hy as agtergrond die beroemde boek van Huizinga, *Herfsttij der Middeleeuwen*, gebruik. Die Bourgondiese juweel is nog strak en swaar. Dit was veral bedoel om die „staatsie" en „estat" van die persoon te beklemtoon. Dit is 'n tyd wat gekenmerk word deur goue klokkies, deur klere en hoede besaai met pêrels. Uit hierdie tyd dateer die episode wat in die bekende sinnetjie uit die geskiedenisskoolboek as volg beskryf word: „Karel de Stoute verloor bij Granson zijn hoed en bij Nancy zijn bloed," 'n episode wat eers betekenis kry as verduidelik word dat Karel se hoed versier was met 'n pragtige veer beset met juwele. 'n Tekening van die bepaalde veer kan nog in die Bibliothèque Nationale in Parys gesien word.

Gans vra dikwels verskoning dat hy eintlik net „petite histoire" gee en nie „grote geschiedenis" nie. Maar dat die „petite histoire" in baie gevalle waardevoller kan wees vir die atmosfeer waarin die mense geleef het as die sgn. groot geskiedenis, daarvan lewer hy self telkens die beste bewys. 'n Voorbeeld hiervan vind ons aan die einde van die eerste hoofstuk. Toe in 1508 die 20-jarige Anna van Egmond in die kasteel van 's Heerenberg—'n Nederlandse dorpie—lewe geskenk het aan 'n seun, het haar eggenoot, Graaf Willem III van Bergh, haar vereer met 'n goue ketting en 'n kleinood. Die argief van die „Huis Bergh" bring die omstandighede van dié voorval aan die lig. Sy het die sieraad ontvang op die oggend van die dag toe sy vir die eerste keer na die bevalling weer kerk toe gegaan het. Die huiskapelaan hang vir haar, namens haar eggenoot, die kleinood om. Dan gaan sy trots na die kraamkamer „in haar damasten rock" sodat haar „vrouwen en jofferen" haar kan bewonder en sy die kleinood kan wys wat haar „Jonker" haar geskenk het!

Hierdie gevoelvolle toneeltjie kry nog meer betekenis as Gans direk daarop laat volg: „Doch reeds drie jaar later stierf hij. De jonge weduwe hertrouwde in het geheim. Er kwamen onaangename familieconflicten, die haar in moeilijke financiele omstandigheden brachten. Zij verpandde het familiejuweel in Keulen en heeft het niet meer ingelost. De mens wikt . . . "

Aldus die einde van die eerste hoofstuk.

Daarna kom die Manierisme, d.w.s. die tyd van die Renaissance en die tyd van die „maniera". Hoe groots die vorste en vorstinne — soos Hendrik VIII en Elisabeth van Engeland — hulle ook voorgedoen het, aan hulle juwele was tog altyd iets persoonliks en gewoon mensliks verbonde. In hierdie tyd word die juwele in die vorm van dierlike of menslike figuurtjies, ook soms van inisiale en simbole, gemaak, produkte van beeldhouers sowel as edelsmede tussen wie daar nou 'n onderlinge kontak ont-

staan. Hierdie voorwerpe wat in 'n groot mate vanuit Italië oor Europa versprei is, veral bedoel vir die Renaissancevorste se rariteiteversamelings, was by uitstek 'n internasionale kuns. Spesifiek nasionale kenmerk kan moeilik onderskei word. Anders as wat 'n mens sou verwag, vind hierdie kuns —behalwe wat die kamee betref—nie sy inspirasie in die Klassieke nie; dit is wat die styl daarvan betref, eintlik 'n voortsetting van die Middeleeue.

In die begin van die 16de eeu gaan die kuns van die edelsmede weer uitsluitlik oor in die hande van die juweliers en nou kom die edelsteen as sodanig meer op die voorgrond, hoewel die slyp van stene nog nie die verfyning van later bereik het nie. Teen die einde van hierdie eeu het Nederland, veral Amsterdam, die middelpunt van die internasionale juwelehandel geword. Eers nog alleen as leweransier aan buitelandse vorste en howe, maar na die dood van die Stadhouer, Prins Maurits, ook aan die Stadhouderlike hof. Die Manierisme is dan egter al verby en dan kom die tyd van die lig-en-skaduwee van die diamant.

Juwele as sodanig speel in die Goue Eeu 'n besondere rol in Nederland. Willem die Swyer verkoop sy juwele om die stryd teen Spanje te kan volhou. Later was die finansiële posisie van Nederland so sterk, dat vorste en vorstinne geldenings in Amsterdam sluit, wat o.a. Frederik Hendrik in staat stel om een van die wêreldberoemde diamante, die sg. Klein Sancy te koop en as trougeskenk aan die dogter van die koning van Engeland te gee. Dit kom uit die nalatenskap van Maria de Medicis, die eggenote van koning Hendrik IV van Frankryk, 'n juweel dus uit Franse koninklike besit. Die man wat die koop gesluit het, was die hofleweransier, 'n Haagse juwelier met die naam van Thomas Cletscher, van wie daar nog 'n aantekeningboekie met sketse bestaan.

Cletscher het ook die Groot Sancy gekoop wat vandag nog in die besit van die Radja van Patiala is en ook die „Florentyn", nou nog die eiendom van die Oostenrykse troonpretendent. Dit is verrassend hoe selfs die pêrels wat Cletscher in sy boekie geskets het, op die portrette van Amalia van Solms, die eggenote van Frederik Hendrik, uitgeken kan word.

Uit die geskiedenis van die juweel blyk dit hoe die stadhouderlike hof in aansien gestyg en die Nederlandse Republiek in mag toegeneem het. Toe die Engelse koningin, Henrietta Maria, in 1642 geld by 'n Hollandse burgemeester leen om die troon van Karel I te red, het sy Engelse kroonjuwele daarvoor in pand gegee. By die Restourasie in 1660 (Karel II) stuur die State-Generaal 'n afgesant na die Engelse koningshuis om dieselfde juwele weer as geskenk aan te bied.

In 1672, die sgn. „rampjaar" vir Holland, gaan verkoop en verpand Albertina Agnes, voogdes oor Stadhouer Hendrik Casimir II, haar juwele om die troepe van die Biskop van Munster uit Friesland weg te hou net soos Willem die Swyer dit vroeër gedoen het om die Nederlande te red.

In 1689 word Stadhouer Willem III en Maria Stuart in die Westminster Abdy tot koning en koningin van Engeland gekroon. Net aan een juweel het Maria in die inventaris van haar sierade 'n toevoeging gemaak: „een robijn ringh waarmede ik gekroont ben". Dit is dieselfde steen wat na die dood van Willem III in die besit van die Hertog van Portland gekom het en



*Amalia van Solms, eggenote van stadhouer Frederik Hendrik, ±1640.*

waarby 'n briefie van Maria met die woorde: „it was the first thing he ever did give me!"

Origens vertoon „Hof en burgerij in Nederlands Gouden Eeuw" die skittering van diamante en pêrels. Die Franse mode word nagevolg en dis Franse modepoppe wat die mode daar propageer. Ons sien ook nou by die Stadhouderlike hof sowel as by die patrisiërs, 'n groot voorliefde vir die pêrelsnoer. Die handel in pêrels het toe, net soos die diamanthandel, van Italië na Amsterdam verskuif. Daar bly egter 'n onderskeid wat die kleredrag tussen Hof en patrisiërs betref. Gans noem dit die ongeskrewe wet dat die vroue van die patrisiërs nie so ryk getooi gegaan het as die Oranjes nie en dat hulle bv. meer silwer gedra het.

Dit is nou langsamerhand net die vrouens wat nog juwele dra. Mans het nog slegs gespes, wat met edelstene beset was, op hulle bandeliers en skoene gedra, of hulle het alleen nog 'n portretmedaljon of 'n juweel gedra wat as verering van vorstelike persone of van die owerheid ontvang is. Dit is trouens hierdie dekorasie wat sedert die Empiretyd die ridderorde geword het en wat ons nou nog ken. Behalwe die pêrelsnoer het die vrouens ook

diamante en later al hoe meer briljante gedra. Die briljante was meestal „open" (Frans „á jour") en nog nie „gesloten" geset nie.

In die 18de eeu, die tyd van die briljantflonkering, bly Nederland die sentrum van die juwelehandel in Europa. Die vorste van Europa sluit nog altyd hul lenings in Amsterdam en gee nog altyd hul juwele daarvoor in pand. Maar die Oranjes het nou na die dood van Willem III, talle van hul juwele as gevolg van erfverdeling verloor, alhoewel tog nog 'n belangrike deel in hul besit gebly het. Die juwele wat Maria gedurende haar regeringstyd gekoop het, moes aan Engeland teruggegee word. Die koning van Pruise het as gevolg van hierdie erfverdeling o.a. die Klein Sancy gekry, wat uiteindelik, via Duitsland, in 1945 in die hande van die Russe geval het.

Gedurende die 18de eeu vind daar 'n groter verspreiding van edelstene onder die gewone publiek plaas as onder vorste, adel en patrisiërs. Weens die ontdekking van diamantvelde in Brasilië, het juwele immers meer volop en gevolglik goedkoper geword. Veral die ryker burgery het hieruit voordeel getrek. Terselfdertyd word ook die styl van die juwele lugtiger en speelser. Die pêrels en diamante kom nou ook as sulks meer tot hul reg. Dit is die gees van die Rokoko en van die briljantflonkering. Steeds meer diamante word nou tot briljante geslyp. Die sgn. „rozenslijpsel" van die 17de eeu maak nou plek vir die briljantslypsel van die 18de eeu. Die Franse kroonjuwele word dan ook nou in Amsterdam tot briljante geslyp. Maar nou het ook die tyd van die imitasies gekom: imitasie goud en imitasie juwele! As reaksie op die klassisisme kom daar vervolgens blomme, ruikertjies, strikke en vere. Vir die eerste keer sien ons „bijous" met reisaandenkings waarop voorstellings van Italiaanse stede en van ruïnes voorkom. Wanneer in Frankryk na 1780 die Engelse mode sy verskyning maak en saam daarmee die voortbrengsels van die industriële tydperk, word Frankryk en Europa oorstroom met sierade van yster, met nagemaakte kameë, Engelse glaspêrels (nacre) en al daardie sentimentele herinneringssierade, van grafurne tot haarlokke in medaljons.

Gedurende die Napoleontiese tyd tree die juweel, die kamee en die diadeem weereens sterk op die voorgrond. Napoleon het die kameë uit die Franse koninklike versameling, antiek-Romeinse sowel as Renaissancekameë, weer opnuut laat set. Frankryk het die toon aangegee. Europa en Nederland het gevolg.

Die laaste periode wat behandel word, noem die skrywer die Negentiende eeuse indiwidualisme. Dit is egter 'n ander indiwidualisme as die van die Renaissance, want daar word nie meer na die ou Rome nie, maar na die Middeleeue gekyk. Dit begin met die neo-gotiek. Alleen die filigraanwerk en die granulering wat onder invloed van die Italianer Castellani in die mode gekom het, is deur die Etruskers en die ou Grieke beïnvloed. Terselfdertyd verskyn die uiters klein pêreltjies, die sgn. pêrelsaad vir lang kettings of aandhandsakkies. Daar is ook baie juwele in die vorm van druiwetrosse en slange. Teen ongeveer 1870 word hierdie vorms gevolg deur die van bye, vlieë, ens. — nog later selfs deur die van honde en ape. Stylvastheid ontbreek heeltemal. Die een namaakstyl volg op die ander. Na Frankryk se besetting van Algiers in 1840 maak Mohammedaanse arabeske hul verskyning



*Elisabeth van Oostenryk*
*(4-jarig, Mauritshuis, Den Haag.)*

en Indiese motiewe as koningin Victoria tot keiserin van Brits-Indië gekroon word. Al hierdie vreemdsoortige juwele is vir 'n steeds groter-wordende publiek bestem, veral toe ook die ryk Suid-Afrikaanse myne die diamantrykdom van die wêreld laat toeneem. Aan die einde van dié eeu skitter die afsonderlike briljant geset as „solitair" of so eenvoudig as moontlik in platina gevat. Aangesien platina minder as goud aan slytasie onderhewig is, laat dit 'n dunner setting toe.

Gans kom tot die gevolgtrekking dat die *Art nouveau* van omstreeks 1890 'n styl was wat nie baie geskik vir die juweel was nie en dat hierdie styl ook nie meer die gaping tussen die goudsmede en die ander kunstenaars, wat in die 17de eeu ontstaan het, kon oorbrug nie.

Die laaste bladsye in die geskiedenis van die juweel het Gans vir die hoofstuk *Diamant en mens* bewaar. Dit is geen samevatting van *Juwelen en mensen* nie. Dit is in die eerste plek 'n kort oorsig oor die verskillende maniere van slyp en gevolglik nog 'n paar bladsye aan die diamantslypery en aan die slypers van Amsterdam gewy. Dit is hier waar aan die leek vertel word van die sgn. roosslypsel, wat vermoedelik deur die Portugese

in die 16de eeu van Indië oorgeneem is, daarna met die Marrane na Antwerpen gekom het en na die inneming van dié stad deur die Spanjaarde in 1585, na Amsterdam gebring is. Dit was die Amsterdammers wat die roosslypsel tot so 'n hoogte gevoer het, dat Amsterdam nie net die middelpunt van die juwelehandel in Europa geword het nie, maar ook dié van die diamantslypery. Ongelukkig kan ons maar enkele voorbeelde gee. Lodewyk XVI het van 1784-1788 die Franse kroonjuwele in Amsterdam tot briljante laat herslyp. In die 19de eeu (1852) is die Kohinoor van Lahore, in opdrag van konigin Victoria, herslyp deur twee diamantbewerkers van die Amsterdamse firma Coster, wat spesiaal vir daardie doel na Londen gegaan het. Die beroemde Suid-Afrikaanse Cullinan, die grootste diamant wat tot nog toe gevind is, is in 1908 deur die firma Asscher in Amsterdam geklief en gesplit tot twee grotes, die Cullinan I en II, nou in die Britse septer, en verder nog in 103 kleiner stukke.

Aan die einde van die hoofstuk wy Gans dan nog 'n paar sinne aan die Amsterdamse diamantslypers, meestal Jode, omdat Jode oorspronklik nie die reg gehad het om aan 'n gilde te behoort nie. Die diamantslypery was nl. nooit in 'n Gilde georganiseer nie. Drie en 'n halwe eeu nadat die eerste diamantslyper in Amsterdam sy beroep uitgeoefen het, het hulle as groep met die besetting van Nederland deur die Duitsers gedurende die Tweede Wêreldoorlog, verdwyn. Na die oorlog is baie van die geroofde diamante weer opgespoor en kon die Amsterdamse diamantindustrie daardeur weer op dreef gebring word.

My oordeel oor hierdie boek kan alleen maar gunstig wees. Uitstekend en uiters boeiend geskryf, is dit vol merkwaardighede. In een woord, dit is 'n genot om hierdie boek te lees. Noukeurig verwys die skrywer telkens na die talryke afbeeldings wat ook baie voortreflike detailvergrotings bevat, sodat sy woorde deurlopend visueel gesteun word.

Een van die voortreflikhede van die skrywer is, na my mening, sy gevoel vir verhouding en sy aanvoeling vir geskiedenis. As hy die historiese agtergrond van daardie juwele en mense skets, is dit nie net „décor" nie, maar vorm dit een geheel met sy onderwerp.

Met groot vrug het Gans dus die werke van die kultuurhistorici, Huizinga en Ortega y Gasset, gelees. Hierdie grootmeesters van die Europese geskiedskrywing het juis deur hulle diepe en veelsydige kennis, die wetenskaplike twyfel geken. Hulle het hulself steeds opnuut afgevra of mens in die geskiedenis enigiets só gou as absoluut seker kan aanneem. Hierdie wetenskaplike twyfel, hierdie wik en weeg, lê eweneens aan die boek van Gans ten grondslag — en dit is die enigste uitgangspunt van alle ware geskiedskrywing. Ons kan as voorbeeld hiervan noem die paragraaf in sy hoofstuk oor die Maniërisme, waarin hy vertel van die juwele in die vorm van diere- en mensefiguurtjies, 'n soort van juweel, merk hy op, wat in Nederland nog meer as elders slegs bestemd gebly het vir die hoë adel.

In hierdie verband wys hy op 'n portretgroep van die familie van Jan van der Does, die eerste bestuurder van die Universiteit van Leiden, en in die besonder op die merkwaardige oorbel wat die dogter Anna op daardie portret dra: 'n baie gewaagde oorbel wat 'n mens in daardie familie sekerlik



*Anna van der Does, ± 1591*
*(Lakenhal, Leiden.)*

nie sou verwag het nie. Die detailvergroting van die oorbel toon ons 'n baie sierlike, op 'n lendedoekie na, naakte vrouefiguurtjie met loshangende hare in lopende beweging, met die regterhand opgehef waarin sy iets vashou en vir ons wys. Laat ons eerlik wees, sê Gans, dié oorbel pas haar besonder goed. Maar sou ons, vervolg hy, as ons 'n dergelike juweel sou terugvind, ooit die hipotese durf uitspreek: O, daardie oorbel het omstreeks 1600 aan die oor van een van die lede van dié deur en deur deeglike Hollandse gesin gehang?

Enkele onvermydelike opmerkings oor tegniese onvolmaakthede kan hier gelukkig kort wees. Dit betref die boektitels in die bibliografie en die verwysings na literatuur wat dikwels onvolledig is. Om net 'n paar voorbeelde te noem: By noot 27 vra 'n mens jou af of daarmee 'n boek of 'n tydskrif bedoel word. Noot 91 (bl. 176) verwys na die Kroniek van Chaim Braatbard, egter sonder om die betrokke bladsy aan te gee. Hier kom die chronologie nog te hulp om die betrokke paragraaf te vind, maar wanneer die skrywer i.v.m. Rembrandt na Brom se *Schilderkunst en literatuur in die 17de eeuw* verwys sonder om die bladsy te noem, dan is dit nie so maklik nie.

'n Ander vraag wat ontstaan is wat die rol van die V.O.C. was ten opsigte van die aanvoer van edelstene uit die Ooste. Daaroor vind mens egter

niks nie. Wel verklaar die skrywer hier en daar met nadruk dat dit nie sy bedoeling was om die geskiedenis van die *herkoms* van juwele te beskryf nie. Nogtans sou iets hieroor sy boek nie ontsier het nie. Ook word die versierde handskrifte uit die Bourgondiese tyd buite beskouing gelaat (sien bl. 27), waarskynlik omdat die skrywer sy terrein moes inperk.

As laaste lofuiting sou ek graag nog wil beklemtoon dat so goed as nêrens uit die boek blyk dat die skrywer self 'n handelaar is nie. Al het *Juwelen en mensen* 'n gedenkteken geword vir die Nederlandse Jode van die diamanthandel en -industrie, is hierdie boek tog streng wetenskaplik gehou. Die skrywer, self 'n Nederlander, kom hierby eweneens met ere na vore as 'n verteenwoordiger van dié „Oue Volk" in Nederland wat so volkome met die Nederlandse volk geassimileer het.

Die druk en die versorging van die boek is uitstekend. Die afbeeldings, sowel ongekleurdes as gekleurdes, is pragtig. Origens is die uitvoering en die formaat dieselfde as van die boeke wat eweneens deur De Bussy uitgegee is, nl.: Verster se *Tin door de eeuwen* en *Brons in de tijd*. Verder ook die deel wat mev. Duyvené de Wit-Klinkhamer saam met Gans in 1958 geskryf het oor *De geschiedenis van het Nederlandse zilver* en C. Spierdijk se *Klokken en klokkenmakers* wat onlangs, in 1962, verskyn het.

G. van Alphen.